**Saterdag 15 Desember**

| **Skrifgedeelte: Psalm 143** | **Fokusgedeelte: Psalm 143:10; Heidelbergse Kategismus 48:123** |
|---|---|

# "Laat u koninkryk kom" – Regeer ons deur u Woord en Gees

Om tot God te bid "Laat u koninkryk kom", beteken dat God oor ons Koning moet wees. Daarmee vra ons: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U sal onderwerp.

Die onderwerping aan ons Koning moet daagliks groei. Dit sal uiteraard groter selfverloëning vra. Hiermee bid ons dan ook dat God dié gesindheid in ons sal laat werk deur sy Woord en Gees.

Dan moet ons sy Woord gereeld lees, bestudeer en na die verkondiging daarvan luister. So weet ons wat sy wil in ons lewe is. Woord en Gees mag nooit van mekaar geskei word nie. Sonder die Woord verval mens in eiewillige godsdiens, al lyk dit hoe geestelik. Sonder die Gees verval jy in 'n koue formalisme – alles lyk dalk goed georden, maar intussen kan dit van binne dood wees.

Die Gees maak deur die Woord van ons nuwe skepsele. Ons word verlos van Satan se boeie, en so word God weer Koning oor ons. Hy moet dan ook in ons huise, in die kerk, in die skole en universiteite, ons maatskaplike en politieke lewe regeer. Daar mag een organisasie wees wat God nie as Koning erken en dien nie.

Ons kan dus nie agteroor wil sit en kyk hoe hierdie gebed verhoor word nie. Ons moet die volle wapenrusting aantrek en antwoord op die roepstem van ons Koning. Al die krag en gawes wat ons uit sy hand ontvang, moet aangewend word om sy koninkryk te dien. Wees vandag so 'n getroue burger in sy koninkryk.

*Sing: Psalm 118-1:4*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*